
# 279 Lofsing die allerhoogste God




As Heiland het Hy neergekom,,
ons sondelas neem Hy op Hom;
sy waarheid en genade is
ons lig en troos in duisternis.

o Liefde, sterker as die dood!
Genade, onverstaanbaar groot!
o Wonderwerk, dit gaan ver bo
ons swak verstand, ons kan net glo.

Berei, o mens, vir Hom die baan,
maak oop jou deur en neem Hom aan,,
sodat Hy in jou hart mag woon
en jou sy goedheid kan betoon.

Sy eerste koms was daardie tyd
sagmoedig en in needrigheid:
sy tweede sal verskriklik wees,
sy haters sal dan beef van vrees.

Maar almal wat aan Hom behoort,
sal ingaan deur die hemelpoort
en daar, verlos van alle kwaad,
vir ewig loof sy liefdesdaad.

God, Vader op die hemeltroon,
God, Seun, met heerlikheid gekroon,
met God die Heil'ge Gees tesaam,
lofsing die driemaal heil'ge Naam.

Michael Weisse (1488-1534) F.L. Wiseman (1858-1944)